



FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)




Franses Sending Normandje UITREIK 20 tot 27 Junie 2019

Ons beplan 'n sendinguitreik saam met Ds **Johan en Rita Bloemhof** in FRANKRYK



Met die herdenking van einde van die 2de Wêreld Oorlog (D-dag 6 Junie 1944) wil kerke in Normandje, in die gebiede waar die invalle was, graag dié konteks gebruik vir die Koninkryksaak. Tydens die 2e WO is die soldate uitgereik met 'n Nuwe Testament. Van die soldate is deur die Bybels in hulle hempasak gered. Daar is mooi getuiesnisse. Die gemeentes in die MANCHE (in Normandje) wil saamspan om te sê God red nog steeds deur die Bybel.



Hulle wil graag **75 000 Evangelies van Lukas** (Spesiale D-dag uitgawe) en kinderevangelisasie materiaal aan huisgesinne versprei.

'n Bietjie agtergrond: FRANKRYK wat eens deel van die bakermat was van ons geloofserfenis, is vandag 'n uitdagende sendingveld. 'n Bepalende faktor was die uitroeiing van die Protestantse gelowiges deur die vervolging van die Hugenote. Frankryk se groot geestelike verlies was o.a. Suid-Afrika se wins gewees. Feitlik 'n kwart van die Europeërs van die 17e eeu wat na Suid-Afrika gegaan het, was Franses Hugenote vlugtelinge. Ons kan glo dat dit deel was van God se Raadsplan om die Evangelie na Suid-Afrika te bring - 'n wonderlike geestelike erfenis vir ons as nageslagte, maar net 'n handjievol gelowiges het in ons stamland oorgebly. Uit dankbaarheid teenoor God kan ons 'n verskil maak in baie gesinne se lewens deur die Evangelie vandag deur uitreikaksies in Frankryk te versprei en daarvoor te bid.

Wat behels die UITREIK?

Gesonde stap in die lente – deel Evangelisasie pakkies uit in posbusse, waardeer die pragtige Normandje en Franses plattelandse dorpie, daaglikse Bybelstudies, lekker saamsing en kuier, 'Pétanque' speel, Franses disse geniet, iets van die 2e Wêreldoorlog geskiedenis beleef en die vryheid wat ons tans geniet meer waardeer...

PRYS op aanvraag beskikbaar by die RSA uitreikleier ds Sakkie van den Bergh

sakkielarens@gmail.com Tel. 058 256 1007 Sel 072 606 0213 Die prys sluit in kos, verblyf, uitstappies en reis in Frankryk (Die vliegtuigkaartjie en visumkoste is addisioneel – is NIE ingesluit nie)

VERBLYF: In die Duitse Kerkgroep huise by en moontlik in hotelle in Parys omgewing of by die Bloemhofs. Plekke is beperk. Alle kandidate moet goedgekeur word. **Aansoek vorms** beskikbaar by ds Sakkie van den Bergh. **Sperdatum** vir inskrywings : **31 Maart 2019**



Ds Johan en Rita BLOEMHOF ontvang julle met omgee en liefde. Deur God se genade verkondig hulle die Goeie Nuus in Frankryk oor die laaste 35 jaar. Baie welkom.

Kom saam en neem die Evangelie Boodskap weer terug na Frankryk

“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Johannes 20.21